

Skriflesing: Jesaja 40:1-14Heidelbergse Kategismus- **SONDAG 1****Teks: Jesaja 40:1-2****Sing- Ps. 46:1,3; Ps. 40:4; Ps. 115:1,2,4**

Broeder en suster, dit was die jaar 1563, dis nou amper 450 jaar gelede. Dadelik sou ons kon dink wat het alles in 450 jaar gebeur? Wat het net nie alles verander nie? Daardie tyd was daar nie voertuie nie, daar was nie rekenaars nie, daar was nie naastenby enige tegnologie beskikbaar en vergelykbaar met dit wat ons vandag het nie. Het hierdie 129 vrae en antwoorde in ons tyd nog plek, het dit nog sin en betekenis om hierdie “ou dokument” in 2011 weer oop te maak om daaruit iets te wil uithaal? Sou ons nie die kategismus moes kon vervang met ‘n baie meer moderne weergawe van wat mense mag dink ‘n beter belydenis vir vandag sou kon wees nie?

Die eerste wat alle gelowiges in alle tye na soek, dit wat ons werklik nodig het, broeder en suster, is ware troos. En dan nie die troos wat mense my kan bied nie, maar die troos wat van die Here af kom. Daarom is Sondag 1 nie wat ons as mense dink die enigste troos is, en dat daar ander maniere van troos ook kan bestaan nie. Nee, hierdie troos is wat God ons gee om ons te troos. Daarom kan ek nie sê dat God troos my nou wel uit Sondag 1 van die Kategismus, maar vir iemand anders sal die Here dalk weer op ‘n ander manier wil troos nie. Iemand wat nie uit Sondag 1 getroos wil word nie, vir so iemand is daar op geen manier enige ander troos moontlik nie.

Hierdie is die enigste troos wat daar vir ‘n mens kan bestaan! As iemand jou op ‘n ander manier wil troos anders as wat daar in Sondag 1 staan, weet dit is ‘n namaaksel, dit is ‘n leuen, dit is vals dit wat na jou toe kom. Moet dit nie aanvaar nie! Want broeder en suster, waaroor gaan dit as ons deur die belydenis vir ons ‘n pad deur God se Woord oopmaak?! Dit gaan daaroor, en dis so belangrik, dat ek alleen deur die Here vir my ‘n pad na ander mense kan oopmaak, maar ek kan nie deur ander mense vir my ‘n pad na die Here oopmaak nie. Van mensekant sal ek nooit my weg na God vind nie.

Dit is die veronderstelling, die enigste basiese uitgangspunt as daar vir jou en my gevra word wat **is jou enigste troos in lewe en in sterwe?** Die hoofgedagte is dat ek aan Jesus

Pretoria- 24 Julie 2011

Christus behoort. Dit is die kern. Dit is waarom alles vir ons moet gaan. Jesus Christus, Hy wat die Here is! Dit is nie Jesus wat aan my behoort nie, maar watter verskil- EK BEHOORT AAN HOM!

Die pad wat Sondag 1 vir ons deur God se Woord oopmaak het ons God se Woord by Jesaja 40 oopgemaak. Vanaf Jesaja 40 tot 66 is daar God se volk wat op die punt is om in ballingskap te verkeer. Meer uitgelewer, blootgestel, groter ellende kan ons as mense ons nie indink as juis hierdie ballingskap nie. En Israel het dit ook geweet, nie net hierdie ballingskap wat oor hulle kom nie, maar ook die rede. Hoekom het God ons verlaat, hoekom het God ons uitgelewer, hoekom die pyn, die boeie, die veragting, die eensaamheid, die verlange, wat ander mense my kan aandoen, ander lande, ander volke, ons word vir hulle gegee? 'n Ballingskap- mens is 'n mens wat voel hy word weggegee, verniet weggegee. Wat is swaarder in daardie ballingskap as ek dan ook nog voel ek beteken eintlik niks meer nie. So verniet soos ek weggegee is, so min voel ek nou ook my eiewaarde.

Psalm 137 laat ons nog weer die ballinge hoor. Mense wat by 'n rivier sit, 'n mooi plek, maar dit is die riviere van Babel. Hulle musiekinstrumente is stil, dit is aan die bome opgehang. Daar is nie musiek nie, daar is nie woorde wat hierdie mense se ellende kan beskryf nie. Die omstanders verwag hulle moet aangaan met hulle lewe, hulle verwag selfs dat hulle 'n lied moet kan sing – *Sing vir ons 'n Sionslied...* Maar hoe kan 'n mens verwag hulle moes kon sing. Hulle vra dit self. *Hoe sou ons die lied van die Here kan sing in 'n vreemde land?* Ja, hulle voel so ellendig, waar ellende juis letterlik beteken- om uit jou lende (land) uit te wees, hulle is uit hulle land uit...hulle beskou hulleself gelukkig as daar dan ook nog iemand sal kom en my kinders gryp en hulle koppe teen die rotse papslaan. Psalm 137- die laaste vers- *Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots!* Dis die taal, dis die gevoel van 'n ballingskap-mens.

Wie mooi dink sal dadelik besef, wie is ek anders as 'n ballingskap mens. 'n Ellendige mens, 'n uit-my-plek-uit, 'n uit-my-land-uit mens-ellendig-, want ons eerste plek, ons eintlike plek was die paradys, ons het die paradys verloor. Daar het ellende begin.

Pretoria- 24 Julie 2011

Dadelik hoor ons in Genesis 3 en 4 ellendige woorde, dorings, sweet, slang, stof, seer, slaan, dood, moord, wraak, bloed, kwes, wond, alles woorde wat saam net een ding wil sê- mens jy het die paradys verloor. Jy as mens het dit baie nodig dat daar troos in jou lewe sal moet kom.

En dis Jesaja 40- Dadelik hoor ons dit twee keer- *Troos, troos my volk, sê julle God.* Dit is die Here wat troos. Hy wat mense wie se koppe hang weer regop tel, mense wat hulle kinders se koppe wou papslaan, lam hande word sterk gemaak, moedelose lewens kan moed vat. Hy wat sonde wegneem. Die sonde wat die oorsaak is van al die ellende. *Spreek na die hart van Jerusalem en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is.* Haar skuld, ons skuld is betaal. Jou skuld is betaal. Dit is die onmiddellike troos. Troos is soos 'n teëwig het Ursinus al self by die Kategismus geskryf na hulle dit opgestel het. 'n Teëwig kom in wanneer daar 'n geweldige gewig in jou lewe jou aftrek en die teëwig kom en dit word belangriker en swaarder. Dit neutraliseer dit wat jou aftrek en jy word opgetrek. Ursinus sê- *die troos kom as iets moois en goed en dit word groter as die leed en droefheid wat in jou lewe gekom het en jy ervaar dan hoe hierdie troos die leed en droefheid begin oorskadu en dan vind jy as mens troos.* Die troos word die enigste teëwig teen die gewig wat jy daar in jou sondige hart moet rondra.

Verwerp enigiets wat teen God se Woord ingaan, maar wat wil voorgee dit kan jou troos. Verwerp dit met die krag wat daar in jou is om iets te kan verwerp en dan vra jy die Here om nog meer krag om dit nog verder van jou af weg te gooi, daardie tipes van troos wat teen God se Woord ingaan. Want jy weet die werklike oorsaak van jou ellende is sonde.

Ons sien dit goed raak, op drie maniere. Ek sien sonde en dit wat sonde al in die wêreld veroorsaak het, die oomblik na die sondeval. Ek sien nie net die sonde en ellende nie, maar ek sien my aandeel, ek sien my sonde en ellende raak, ja, ek sien dit selfs op 'n derde manier. Ek sien hoe groot my sonde en ellende is. Dawid het in Psalm 25 deur hierdie proses gegaan. Hy vra die Here in vers 18- *Aanskou my ellende en my moeite, en vergeef al my sondes.* Agter sy ellende sien hy sy sonde, en daardie sonde vat hy terug

tot selfs sy jeug. Al noem die Bybel geen pertinente sonde uit Dawid se jeug nie, maar teken die Bybel juis sy jeugjare as sulke mooi tye agter sy pa se vee, 'n seun wat 'n slingervel sou gooi, maar Dawid ken homself. Hyself weet watter sondes was daar toe hy nog 'n jongseun was. Die mens se lewe wat soos 'n slingervel deur ellendes gedraai word, en gedurig jou lewe uitslinger, maar dit wat werklik jou lewe in die ellende inslinger is dit wat sonde genoem word. Daarom staan sonde altyd eerste en dan kom ellende.

Maar die woord het in Jesaja 40 uitgeroep- jou skuld is betaal. Die een wat hier uitroep- *troos troos my volk*- wil dit duidelik maak dat die kinders wel nou genoeg weet van hoe groot hulle sonde is. Aan die einde van vers 2 staan *dat sy uit die hand van die Here dubbel ontvang het vir al haar sondes*. Die stryd is verby. Die mensekind in Jesaja 40 het ook nodig om te weet wat sal alles daar moet wees om alles reg te maak tussen die hemelse Vader en sy kinders. Dit is so vas besluit daar sal iemand moet ly. Alles sal net gedoen kan word deur lyde heen, want so bring God nie net die kennis van hoe groot jou sonde en ellende is nie, maar reeds wek die Here die vraag na ons verlossing op. Soos dit met Job ook in sy ellende gebeur het, Hy begin te vra en te soek na 'n skeidsregter of 'n borg. Later in Jesaja hoofstuk 53 dan kom daar nog groter duidelikheid oor die lyding wat daar in ons lewens as God se kinders kom. Die lyding waarin die Here sy ontroue kinders werp. Die lyding wat dan heenwys na die man van smarte van wie daar gesê word- *Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom* (Jes.53:3).

Daarom geliefdes, sien dit raak as ons belydenis vra hoeveel dinge jy moet weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe dan gaan dit oor hoe groot my sonde en ellende is, maar reeds mag ek begin vra hoe ek van al my sonde en ellende verlos word. In Jesaja staan tog- *Julle skuld is betaal...* In Jesaja kan dit staan, lank voor Jesus nog as Borg en Middelaar na hierdie wêreld gekom het, asof dit 'n afgehandelde saak is. Die volk wat hulle sondes ken en daardie ellendes nie gaan vryspring nie, ontvang dadelik ook die snelweg van God se genade waarin die mens mag deel. Jesaja praat van hierdie snelweg

Pretoria- 24 Julie 2011

waarop Jesus later al die tolgeld (die sondegeld) moes betaal- vers 3- *Berei in die woestyn die weg van die Here; maak gelyk in die wildernis 'n groot pad vir onse God.* God sal snel hierdie pad deurkom – vers 5 wil al iets daarvan bekend maak- hoe God aankom- *die heerlijkheid van die Here sal geopenbaar word-* en vers 10 is die snelweg van Jesus se koms nog steeds op die grootpad- *Kyk, die Here sal kom as 'n sterke, en sy arm sal heers...* en die uiteinde van hierdie koms, hierdie Een wat so sterk is, wie se arm heers, vers 11 is eintlik die bestemming van iemand wat vinnig en hard moes werk, op die snelweg van die grootpad moes deurkom, maar die bestemming is bereik- Hy hou die lammers in sy arm en Hy dra hulle aan sy bors; *die lammerooie sal Hy saggies lei.*

Wie kan nie hier alreeds 'n inleiding sien op wat ons derde gedagte altyd in ons Kategismus ook is nie? Hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees? Om daardie skaap in God se kudde te wees, daardie lam in sy arm, daardie ooi wat saggies gelei word.

Broeder en suster, ons het begin praat van hierdie dokument wat al so oud is, die Kategismus is al amper 450 jaar oud. Die mense wat daaraan gewerk het, is lankal dood, begrawe, vir baie vergete, maar ware Gereformeerde kerke wil nog altyd die Kategismus preek. Hoekom? Ek wil dit ook nog weer doen. Net om een rede, want die dinge wat hierin staan, is so nuut, daar het niks daarvan kon verander nie. Dit is so goed, asof mens dit vandag vir die eerste keer weer hoor, asof dit vir die eerste keer uitgespreek word. Daardie troos om te mag weet ek is nie my eie baas nie. Ek behoort aan Jesus Christus. En in Jesus Christus leer ek God die Vader ken, ek leer die Heilige Gees, die groot Trooster ken. Jesus wat my verlos, die Vader wat alles beskik, die Heilige Gees wat werk.

Jesus se verlossing, dit wat Jesus bewerk het, staan met drie werkwoorde, **Hy het betaal, Hy verlos, Hy bewaar.** Hy het vir my sondes met sy bloed betaal. Hy verlos my van die heerskappy van die duiwel. Christus bewaar my dat niks sonder die wil van die Vader met ons sal gebeur nie. As ons praat van die Vader wat alles beskik ook uit Sondag 1 vraag 1, dan weet ons die Vader wil alles wat met ons gebeur, vir ons ten goede laat

meewerk en dat dit moet bydra dat ons die ewige saligheid sal verkry. Beproewinge dien dan selfs ook tot loutering van ons geloof, want God die Vader werk met ons soos goud. Om goud suiwer te kry, moet dit eers swaarkry, om al die onreinheid uit te brand. Maar hierdie Vader Hy weet alles van my af, Hy ken my deur en deur- Hy het vir my gesê – toe ek al gedoop was- *Jy is myne!* Hy het die hare op my kop getel, Hy sê jy is meer werd as die mossies, en Hy sorg al so goed vir die mossies en die lelies van die veld, dieselfde Vader wat jou in sy arms hou, Hy wat alles beskik, Hy noem jou, sy *oogappel*.

En as ons uit Sondag 1 die Heilige Gees sien werk, dan staan daar ook drie werkwoorde. **Hy verseker my, Hy maak my gewillig, Hy maak my bereid.** Hy verseker my ek het deel aan die ewige lewe, die Heilige Gees maak my gewillig en bereid om uit dankbaarheid vir die verlossing deur Christus dan ook vir Christus te lewe. Ek luister dan na God se gebooe, sy Wet, nie om iets daardeur te verdien of te bereik nie, want ons het reeds alles ontvang om God se kinders te wees. As die Heilige Gees die Wet waaruit jy jou sonde en ellende ken ook as deel van die lewe van dankbaarheid in jou hart inskryf dan onderhou ek God se Wet, waar Sondag 2 juis op die Wet fokus, en omdat die Heilige Gees in my werk kan ek saam met Johannes in 1 Johannes 5 vers 3 sê- *die onderhouding van die gebooe is nie vir my swaar nie.*

Mag hierdie werklik vir u wees, nie maar net trooswoorde nie, nie maar net woorde wat lyk soos die silwer randjies om 'n donker wolk nie, née , teen die hele wêreld vry, die wêreld met sy siek politiek, sy geldmagte, sy wellustige gejaag na genot en plesier, mense soos Timotheus sê- meer liefhebbers van genot is as van God, mense wat hulle eie eer soek, mense wat met ydele liggaamlike skoonheid hulleself vir die wêreld versier, teen hulle almal, teen die hele wêreld vry, is my vryheid, is my enigste troos in lewe en in sterwe *dat ek.....aan Jesus Christus behoort.* Vryheid is gebondenheid. Om aan Jesus Christus gebind te wees

AMEN